**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak Nr. : 1900/2007

In die aansoek van:

| | |
|---|---|
| **SUID-AFRIKAANSE ROOFDIERTELERS-VERENIGING** | 1ste Applikant |
| **MATTHYS CHRISTIAAN MOSTERT** | 2de Applikant |
| **DEON CILLIERS** | 3de Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **DIE MINISTER VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME** | Respondent |

---

**CORAM:** RAMPAI, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**AANGEHOOR OP:** 14 SEPTEMBER 2009

---

**GELEWER OP:** 25 SEPTEMBER 2009

---

[1] Hierdie is ‘n aansoek om verlof om na die Hoogste Hof van Appèl te appelleer teen die afwysing van die applikante se aansoek in hierdie hof op 11 Junie 2009.

[2] Die aangeleentheid is van groot belang vir die applikant asook verskeie ander persone en het ‘n mate van openbare belangstelling uitgelok. Die versoeking is dus daar om verlof

om te appelleer toe te staan. Die regsposisie is egter dat verlof om te appelleer slegs toegestaan kan word indien die hof tevrede is dat daar 'n redelik vooruitsig van sukses op appèl is, dit wil sê 'n redelike vooruitsig dat die bevel van die hof op appèl ter syde gestel of gewysig mag word. Sien **JANIT v VAN DEN HEEVER AND ANOTHER NNO (No. 2)** 2001 (1) SA 1062 (W) op 1064I – 1065C.

[3] Die aansoek is gegrond op 'n groot hoeveelheid beoogde gronde van appèl. Daar is egter 'n beduidende mate van oorvleueling in die uiteensetting daarvan. Daar word ook in die uiteensetting van beoogde gronde van appèl gepoog om te steun op aspekte wat nie deel van die applikant se saak voor ons was nie, soos byvoorbeeld dat die respondent sou versuim het om die vertoë van ander persone dan die eerste applikant te oorweeg. Verskeie gronde van appèl het myns insiens so duidelik geen meriete nie dat dit nie hierin genoem hoef te word nie. Die gronde van appèl wat wel vermelding verg, gaan essensiëel oor of die eerste applikant se vertoë na die respondent nie behoorlik oorweeg is nie, of 'n selfversorgingsperiode nie rasioneel regverdigbaar is nie en of 'n 24 maande selfversorgingsperiode 'n besluit daarstel

wat ‘n redelike besluitnemer in die omstandighede nie kon neem nie. Ek is na oorweging nie oortuig daarvan dat daar ‘n redelike vooruitsig is dat ‘n appèl op enige van hierdie punte kan slaag nie. Dit volg dat die aansoek afgewys moet word.

[4] Die aansoek om verlof om te appelleer word afgewys met koste, insluitende die koste van twee advokate.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**M. H. RAMPAI, R**

Namens die Applikante: Adv. F.W.A. Danzfuss SC
met
H. Murray
In opdrag van:

| | |
|---|---|
| | Rossouws Prokureurs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. B. Knoetze SC<br>met<br>G.T. Langenhoven<br>In opdrag van:<br>Staatsprokureur<br>BLOEMFONTEIN |

/em